



## ERFENIS WES-KAAP

### KONSEPRIGLYNE VIR OPENBARE MONUMENTE EN GEDENKSTONE

*Aangepas uit die "Public Monuments and Memorials Project by SAHRA for DAC" (2003), en verander ná die openbare konsultasievergadering gehou by Freedom Park op 17 April 2015 rakende die Transformasie van die Erfenislandskap in Suid-Afrika*

**GOEDGEKEUR: 26 Augustus 2015**

- 1 DEFINISIES (gebaseer op dié in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999))
- 2 BEGINSELS
- 3 IDENTIFISERING
- 4 BEOORDELING VAN KULTURELE BETEKENIS
  - 4.1 Individuele monumente en gedenkstone
    - 4.1.1 Artistieke waarde
    - 4.1.2 Geskiedkundige, sosiale en politieke waarde
    - 4.1.3 Omgewings- en ruimtelike kenmerke
  - 4.2 Openbare monumente en gedenkstone as 'n versameling
- 5 BESTUUR
  - 5.1 Beskerming en gradering
  - 5.2 Verantwoordelikheid vir instandhouding
  - 5.3 Oorlegpleging
  - 5.4 Besluitneming
  - 5.5 Aanbieding en bevordering
- 6 REGSTELLING VAN ONBILLIKHEDE VAN DIE VERLEDE
  - 6.1 Oorsig oor bestaande monumente en gedenkstone
    - 6.1.1 Herinterpretasie
    - 6.1.2 Verskuiwing
    - 6.1.3 Herwinning
    - 6.1.4 Herstel
- 7 TOEPASBAARHEID VAN HIERDIE RIGLYN

*" Our heritage celebrates our achievements and contributes to redressing past inequities. It educates, it deepens our understanding of society and encourages us to empathise with the experience of others. It facilitates healing and material and symbolic restitution ..."*

Dit lyk asof die Aanhef van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (WNEH) (paragraaf 2) spesifiek geskryf is vir monumente en gedenkstone, wat sigbaar en openlik al hierdie eienskappe moet weergee.

## **1. DEFINISIES**

"kulturele betekenis" estetiese, argitektoniese, geskiedkundige, wetenskaplike, maatskaplike geestelike, taalkundige of tegnologiese waarde of betekenis

"EWK" Erfenis Wes-Kaap, die Wes-Kaap provinsiale erfenishulpbronowerheid gestig ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)

"plaaslike owerheid" 'n munisipaliteit soos omskryf in artikel 10B van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993)

"beplanningsowerheid" 'n kantoor van die Staat, insluitende 'n provinsie, 'n plaaslike owerheid of 'n streekowerheid, wat oor 'n fisiese beplanningsvermoë beskik

"nasionale besit" daardie erfenishulpbronne van Suid-Afrika wat van kulturele betekenis of ander spesiale waarde vir toekomstige geslagte en vir die huidige gemeenskap is, soos uiteengesit in artikel 3 van die WNEH)

"WNEH" die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)

"openbare monumente en gedenktekens" alle monumente en gedenktekens

- (a) wat opgerig is op grond wat behoort aan enige tak van die sentrale, provinsiale of plaaslike regering, of op grond wat behoort aan enige organisasie wat befonds word deur of ingestel is ingevolge die wetgewing van enige sodanige tak van regering, of
- (b) waarvoor betaal is deur openbare onderskrywing, regeringsfondse of 'n burgerlike of militêre organisasie en wat op grond is wat aan 'n private individu behoort

## **2 BEGINSELS**

Openbare monumente en gedenkstone het kulturele betekenis of spesiale waarde en word dus geag deel te wees van die nasionale besit. Hulle word beskerm as erfenishulpbronne (artikel 27 of 37) en word in die algemeen bestuur deur middel van inskrywing in die erfenisregister.

Hierdie riglyn erken die vermoë van openbare monumente en gedenkstone om die hele geskiedenis van Suid-Afrika te weerspieël en om die identiteit van die nasie, wat verskillende kultuurgroepe insluit, uit te druk.

Openbare monumente en gedenkstone het 'n vermoë om onbillikheid van die verlede reg te stel. Die doel van hierdie riglyn is om beginsels te verskaf vir die bestuur van bestaande monumente en gedenkstone en die skep van nuwe monumente en gedenkstone, en om prosesse vas te lê vir die identifisering, beoordeling en bestuur van monumente en gedenkstone.

### **3 IDENTIFISERING**

Hierdie riglyn handel oor strukture, gedenkstone en standbeelde (insluitend hul voetlyste) wat op openbare of privaat spasies opgerig is en ander vaste voorwerpe wat 'n persoon, groep, organisasie of gebeurtenis herdenk en wat op openbare of private oop spasies opgerig is.

Monumente en gedenkstone moet ingesluit word wanneer 'n inventaris deur die beplanningsowerheid opgestel word (sien artikel 30(5) van die WNEH) of op inisiatief van EWK as hulle van mening is dat so 'n behoefte bestaan, met inagneming van die riglyne vir gradering van erfenishulpbronne in EWK se *A Short Guide to Grading* om 'n gradering van elke monument of gedenksteen voor te stel, met inagneming van hul betekenis. Hierdie inventaris moet aan EWK voorgelê word en daardie erfenishulpbronnelys moet voldoen aan die beoordelingskriteria in die erfenisregister.

Die gradering van monumente en gedenkstone sal bepaal wie die verantwoordelike erfenishulpbronnowerheid is, en in baie gevalle sal dit die plaaslike beplanningsowerhede wees indien hulle as bevoeg geag word.

As deel van die nasionale besit moet monumente en gedenkstone regdeur die land, in stedelike en landelike gebiede, dus geïdentifiseer en opgeteken word.

### **4 BEOORDELING VAN KULTURELE BETEKENIS**

Monumente en gedenkstone mag kulturele betekenis in hulle eie reg hê as strukture, en/of hul betekenis mag gevestig wees in die persoon/persone of gebeurtenis wat hulle herdenk. Kulturele betekenis, soos gegrond op die NWEH en toegepas op monumente en gedenkstone, sluit die volgende in:

- die potensiaal daarvan om inligting op te lewer, wat sal bydra tot 'n begrip van Suid-Afrika se kulturele erfenis (artikel 3(3)(c)).
- spesifieke estetiese kenmerke wat deur 'n gemeenskap of kulturele groep waardeur word (artikel 3(3)(d)).
- sterk of spesiale verbintenis met die lewe en werk van 'n persoon, groep of organisasie van betekenis in die geskiedenis van Suid-Afrika (artikel 3(3)(n)).

Moontlik die belangrikste, en teenwoordig in alle monumente en gedenkstone, is die nie-tasbare aspek wat die grondslag is van die tasbare – die fisiese monument of gedenksteen. Die kunstenaar moet simboliek gebruik wat oor tyd en tussen verskillende kulture gekommunikeer kan word.

#### 4.1 Individuele monumente en gedenkstone

'n Kontrolelys van inligting oor individuele monumente en gedenkstone is nodig om hulle kulturele betekenis te bepaal. Dit kan gebruik word vir verskillende tipes monumente en gedenkstone, byvoorbeeld standbeelde, gedenknaalde, gedenkplate.

Nog kriteria wat gebruik kan word om die gradering van monumente en gedenkstone, en gevolglik beskerming en verantwoordelikheid vir die bestuur daarvan vas te stel, is intrinsieke, vergelykende en kontekstuele betekenis.

##### 4.1.1 Artistieke of estetiese waarde

- Kunstenaars wat dit gemaak/geskep/ontwerp het
- Tipe/styl/ontwerp
- Gehalte van materiale, vakmanskap/tegniese prestasie
- Visuele eienskappe, impak, toepaslikheid (abstrak/figuratiewe kuns/skaal)
- Artistieke simboliek wat verstaan kan word
- Vermoë om oor verskillende kulture heen te kan kommunikeer
- Kultuurgroepe / dele van the gemeenskap deur wie die waardes gedeel word

##### 4.1.2 Historiese, sosiale en politieke waarde

- Geskiedenis van die persoon, groep, organisasie of gebeurtenis wat herdenk word
- Die boodskap wat die monument of gedenksteen op daardie tydstip veronderstel was om oor te dra; die mate waartoe dit suksesvol was (Koningin Victoria = koloniale dominansie; oorloggedenksteen = verering van afgestorwenes, dankbaarheid vir *hulle* opoffering van hul land)
- Die huidige kennis/begrip/betekenis van die monument of gedenksteen; het dit verander vanaf die oorspronklike? Word 'n ander boodskap nou oorgedra?
- Datum waarop dit opgerig is, op wie se voorstel dit opgerig is, wie daarvoor betaal het, deur wie dit onthul is
- Is dit op enige stadium van sy bestaan hervestig? Waarom is dit na sy huidige plek hervestig?
- Die deel van die gemeenskap wat die monument of gedenksteen waardeer
- Taal/Tale van die inskrywing of wyding en is dit insluitend (bv. oorlogsgedenkstone)

##### 4.1.3 Omgewings- en ruimtelike kenmerke

- Verhouding (of gebrek daaraan) tussen wie of wat herdenk word en die plek waar die monument of gedenksteen staan
- Oorspronklike plek van die monument of gedenksteen, die redes vir die plasing van die monument of gedenksteen op die plek, of sy vroeër verskuiwing na sy huidige plek
- Enige beduidende veranderings in sy omgewing en sy ruimtelike kenmerke sedert dit opgerig is?

- Betekenis of nie van oriëntasie
- Ruimtelike en ander verhouding van die monument of gedenksteen met enige ander of met voorwerpe in sy nabyheid
- Toepaslikheid van omgewing/landskap

#### **4.2 Openbare monumente en gedenkstene as 'n versameling**

As monumente en gedenkstene saam gesien word as 'n geheel, kan dit op baie dieselfde wyse as individuele monumente en gedenkstene beoordeel word. Verbande tussen en herhaling van herdenking van 'n persoon/persone of gebeure in verskillende plekke moet bepaal word en in ag geneem word (sien 6.1 hier onder). Die redes vir herhaling (of duplikasie) van monumente of gedenkstene moet vasgestel word; dit mag wees dat die persoon/persone 'n belangrike rol gespeel het in die gebeurtenis of die gebeurtenis het verskeie dele van die land geraak.

Verteenwoordigendheid van monumente en gedenkstene as 'n versameling (plaaslik en oor die provinsie) moet beoordeel en in ag geneem word (sien 5.1 hier onder). Oorlogsgedenkstene, spesifiek vir die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, kan in die meeste dorpe en stede gevind word. Dit is gedenkstene vir diegene wat buite die land gesterf het terwyl hulle geveg het vir die land en wie se liggame nie gerepatrieer is nie. Sommige van hulle het ererolle wat die name lys van diegene wat gesterf het en ander het slegs 'n algemene wyding.

### **5 BESTUUR VAN MONUMENTE EN GEDENKSTONE DEUR VERSKEIE OWERHEDE**

#### **5.1 Beskerming en gradering**

Beskerming van monumente en gedenkstene as erfenishulpbronne is "op dieselfde wyse as plekke wat in 'n erfenisregister opgeteken is" (artikel 27), dit wil sê Graad II of III (sien hier bo onder 4). Hulle sal dus bestuur word deur EWK of die plaaslike owerheid wat verordeninge moet maak ingevolge die nasionale beleid en die WNEH.

Monumente en gedenkstene wat in 'n nasionale erfenisgebied of 'n nasionale erfenisterrein geleë is, sal bestuur word as deel van daardie nasionale erfenisgebied of nasionale erfenisterrein. 'n Monument of gedenksteen wat voldoen aan die kriteria mag Graad I in sy eie reg wees. In beide gevalle sal dit bestuur word ingevolge 'n ooreenkoms tussen Erfenis Wes-Kaap en SAERA.

#### **5.2 Verantwoordelikheid vir instandhouding**

Die toestand van die monument of gedenksteen en die plek waar dit staan, die landskap, en inligting of interpretasie verskaf by die monument of gedenksteen kan die persepsie van toeskouers beïnvloed, dit is, dit kan waarde voeg by of wegneem van hulle begrip en genieting van 'n monument of gedenksteen.

Instandhouding en herstel van die monument of gedenksteen en die grond waarop dit staan is die verantwoordelikheid van die eienaar van die monument of gedenksteen en van die grondeienaar, onderskeidelik, behalwe as 'n ander ooreenkoms in plek is. Oorhoofse bestuursverantwoordelikheid

lê by die erfenishulpbronowerheid of plaaslike owerheid, wat die inligting van eienaarskap en verantwoordelikheid moet vestig, opteken en in stand hou.

As 'n monument of gedenksteen geskend word, of as dit instandhouding nodig het, moet sorg geneem word wanneer dit skoongemaak word om te verseker dat die regte skoonmaak- en bewaringsmetodes gebruik word.

Die eenaar, of waar dit enige vlak van regering (plaaslik, provinsiaal of nasionaal) of openbare liggaam is, moet seker maak dat 'n bewaringsbestuursplan vir elke monument of gedenksteen ontwikkel word. Dit moet instandhouding, herstel, skoonmaak, ens. insluit wat gemik is daarop om die kulturele betekenis van die monument of gedenksteen vir opvoedkundige, estetiese en toerismedoeleindes te bewaar.

### **5.3 Oorlegpleging**

Daar is 'n sterk vereiste in die WNEH vir oorlegpleging deur die verantwoordelike owerhede met relevante bewaringsliggame wat by EWK of die plaaslike beplanningsowerheid geregistreer is. In die lig van die sensitiwiteite rakende die moontlike verwydering van monumente en gedenkstene uit hul huidige posisies en die publiek se reaksie daarop, moet die wydste moontlike oorlegpleging onderneem word deur die applikant waar aansoeke vir enige verwydering of verandering oorweeg word. Dieselfde moet van toepassing wees waar voorleggings vir nuwe monumente en gedenkstene oorweeg moet word.

Veral wanneer daar konflik is oor 'n monument of gedenksteen is dit raadsaam dat huidige openbare opinie wyd gewerf word in die media en deur middel van vergaderings, ens. Openbare persepsies en die redes daarvoor, sowel as enige teenstrydighede met die kulturele betekenis, moet deur die verantwoordelike owerheid genoteer word. Belanghebbers, soos mense wat finansiëel bygedra het tot die monument of gedenksteen, het 'n reg om geraadpleeg te word.

### **5.4 Besluitneming**

#### **5.4.1 Plaaslike beplanningsowerhede en plaaslike owerhede**

Ingevolge artikel 30(11) van die WNEH oorweeg die plaaslike owerheid aansoeke vir enige verandering aan 'n monument of gedenksteen wat nie binne 'n provinsiale of nasionale erfenisterrein is nie, en moet hulle die eenaar(s), die beplanningsowerheid, die erfenishulpbronowerheid en relevant bewaringsliggame / nie-regeringsorganisasies raadpleeg. Hulle moet ook ingevolge hierdie riglyn, hul eie tersake beskermde bepalings en die gees van die WNEH optree.

Aansoeke en voorleggings moet skriftelik ingehandig word, met die nodige inligting en moet behoorlik gemotiveer word. Die aansoek moet, so ver moontlik, stawende navorsing en 'n verklaring van die kulturele betekenis van die monument of gedenksteen, sowel as die uitkoms van enige openbare konsultasieprosesse onderneem deur die applikant, insluit. Voorleggings vir individuele monumente of gedenkstene moet op hulle eie meriete oorweeg word en met betrekking tot enige

implikasies vir die verteenwoordigendheid van die groep, hetsy in 'n plaaslike, streeks- of nasionale konteks.

Die kulturele betekenis moet beoordeel word (sien 4 hier bo) en moet 'n bepalende faktor wees wanneer veranderings oorweeg word. Dit is uiters belangrik dat ontasbare waardes en enige simboliek of ander verbintenis tussen die monument of gedenksteen en sy terrein erken moet word. Wanneer 'n aansoek of voorstel deur 'n plaaslike owerheid oorweeg moet word, kan hulle die aanstelling van 'n raadgewende paneel deskundiges oorweeg, insluitend gekwalifiseerde spesialiste in die velde van kuns/beeldhouwerk/openbare kuns, dorpsbeplanning, geskiedenis (insluitend plaaslike, sosiale, militêre), en kulturele/erfenis- sowel as politieke en godsdienstige leiers.

#### 5.4.2 Erfenis Wes-Kaap, die Wes-Kaapse provinsiale erfenishulpbronowerheid

EWK sal deur middel van sy normale aansoekproses ingevolge artikel 28(18) van die WNEH, alle aansoeke vir die moontlike vernietiging, uitgraving, verandering of verwydering uit sy posisie van 'n monument of gedenksteen wat in 'n provinsiale erfenisterrein geleë is, oorweeg. Aansoeke sal slegs oorweeg word as dit voldoen aan al die vereistes van EWK en nadat openbare konsultasie afgehandel is. Aansoekers moet aandui wat die bedoelings is met die voorgestelde toekomstige posisie en sorg van die monument of gedenksteen as die aansoek is vir die verwydering uit sy huidige posisie en wie vir die toekomstige sorg en instandhouding van die monument of gedenksteen verantwoordelik sal wees.

### 5.5 Aanbieding en bevordering

Erfenishulpbronowerhede en plaaslike owerhede moet die aanbieding en gebruik van plekke van kulturele betekenis koördineer "vir openbare genieting, opvoeding, navorsing en toerisme (artikel 44).

Inligting oor monumente en gedenkstene moet by beide die terrein (bv. storielyn) en op sentrale punte soos toeriste-inligtingskantore en biblioteke beskikbaar wees of moet op webtuistes oor toerismeterreine geplaas word. Waar daar 'n plaaslike versameling van monumente en gedenkstene is, mag hulle as 'n roete of landelike voetslaanpad bemark word, wat toeskouers deur interessante dele van 'n dorp of stad sal neem om monumente of gedenkstene wat die storie van die plek vertel, te sien, of wat ongewone voorbeelde is van 'n tema, ens.

In uiterste gevalle waar 'n monument of gedenksteen uit sy posisie verwyder word, moet 'n gepaste gedenkplaat daar aangebring word om die posisie te merk en nodige inligting rakende die monument of gedenksteen se posisie op die terrein te gee. Sorg moet geneem word om te verseker dat die gedenkplaat van gepaste materiaal gemaak word en dat dit op 'n gepaste wyse aangebring word om langlewendheid te verseker en om moontlike vandalisme te voorkom.

## 6 REGSTELLING VAN ONBILLIKHEDE VAN DIE VERLEDE

Dit is duidelik dat bestaande openbare monumente en gedenkstene nie die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis weergee nie en ook nie die identiteit van die nasie, wat verskillende kultuurgroepe

insluit, uitdruk nie. Om die balans te herstel (om aksie te neem om gelykheid in 'n situasie te herstel), is die eerste stappe vir plaaslike gemeenskappe en owerhede om bestaande monumente en gedenkstone te heroorweeg en om nuwes te stig (sien 6.2 hier onder).

### **6 .1 Oorsig van bestaande openbare monumente en gedenkstone**

Alhoewel gevoelens en emosies 'n belangrike rol speel in mense se reaksie op monumente en gedenkstone en in ag geneem moet word, is dit ook waar dat min bekend is oor bestaande monumente en gedenkstone, wat dan slegs in terme van persepsies beoordeel word.

In die hersiening van monumente en gedenkstone moet die verantwoordelike owerhede kulturele betekenis bepaal. Raadpleeg die publiek en volg prosedures/prosesse (sien 5.3 en 5.4 hier bo). Oorhaastige besluite kan verreikende gevolge hê en moet vermy word. Die opsies wat hier onder beskryf word, moet ondersoek word om die een te vind wat die minste indringend is en die mees effektiewe wyse is om die balans te herstel. Die geldelike koste van die verandering moet ondersoek en in ag geneem word tydens besluitneming.

Alhoewel elke aansoek op sy eie meriete oorweeg moet word, is dit in die algemeen beter om te herinterpreteer as om te verskuif, en beter om te verskuif as om te herwin of vernietig.

#### *6.1.1 Herinterpretasie, bevordering en opvoeding*

Om begrip van monumente en gedenkstone te verbeter en uit te brei, moet die eerste opsie wees om aanvullende inligting oor die kulturele betekenis op die terrein van die monument of gedenksteen te verskaf. Dit is in ooreenstemming met aanbieding (sien 5.5 hier bo). Geskiedkundige feite en nuwe interpretasie van die betekenis van die persoon/persone of gebeurtenis wat herdenk word, sal toeskouers en besoekers help om te verstaan en hulle eie opinie te skep van die monument of gedenksteen.

#### *6.1.2 Verskuiwing*

Wanneer 'n monument of gedenksteen gesien word as aanvegbaar of offensief, moet die aard van en rede vir die klag duidelik uiteengesit word. Enige voorstel wat verandering (soos verskuiwing of verwydering) impliseer, moet deur die verantwoordelike owerheid oorweeg word (sien 5.3 en 5.4 hier bo) ná samesprekings met die gemeenskappe en partye wat hierdeur geraak word, en die koste verbonde aan die verskuiwing, met die vloerlys, moet bepaal word en daar moet vir hierdie koste begroot word. Die nodige magtiging (permit) vir die voorgestelde verskuiwing moet deur EWK of die plaaslike owerheid gegee word. Dit is raadsaam om te verseker dat persone met die toepaslike kwalifikasies in diens geneem word om toesig te hou oor die verskuiwing van die monument of gedenksteen.

As 'n monument of gedenksteen geen inherente verbintenis het met die plek waar dit staan nie, of as dit voorheen vanaf 'n ander plek verskuif is, of as die omgewing waarin dit staan verander het, mag verskuiwing gepas wees. Die plek waarheen 'n monument of gedenksteen geskuif moet word,



moet een of ander verbintenis daarmee hê en moet 'n gepaste omgewing verskaf waar dit aanskou en geniet kan word.

### *6.1.3 Herwin*

Wanneer 'n monument of gedenksteen gesien word as aanvegbaar of offensief wanneer die kulturele betekenis daarvan beoordeel word, moet die aard van en rede vir die klag duidelik uiteengesit word. Enige voorstel vir herwinning impliseer 'n verandering en moet deur die verantwoordelike owerheid oorweeg word (sien 5.3 en 5.4 hier bo).

Herwinning of vernietiging mag slegs in uiterste omstandighede oorweeg word as 'n laaste opsie. By die plek vanwaar 'n monument of gedenksteen verwyder is, moet die rede vir die verwydering en die plek waarheen dit verskuif word, verskaf word. Voorts kan die verwydering slegs plaasvind nadat samesprekings met die gemeenskappe en partye wat daardeur geraak word afgehandel is, en die koste verbonde aan die verskuiwing, met die vloerlys (waar toepaslik), bepaal en voor begroot is, en die nodige magtiging deur EWK of die plaaslike owerheid gegee is. Dit is raadsaam dat seker gemaak word dat persone met die toepaslike kwalifikasies in diens geneem word om toesig te hou oor die verskuiwing van die monument of gedenksteen.

Daar word ook aanbeveel dat 'n gepaste, veilige plek(ke) gevind moet word waarheen hierdie kontroversiële monumente or gedenkstene verskuif moet word waar dit deur lede van die publiek wat dit wil sien, aanskou kan word.

### *6.1.4 Herstel*

Deeglike oorweging moet geskenk word aan wat gaan gebeur met die plek vanwaar 'n monument of gedenksteen verwyder gaan word. Inligting rakende die verskuiwing of verwydering vanaf 'n plek moet verskaf word (bv. 'n storielyn) en die parkuitleg moet op 'n gepaste wyse aangepas word. Gewoonlik is dit nie raadsaam om dit met 'n ander monument of gedenksteen te vervang nie, aangesien dit mag lei tot aanstoot.

## **7. TOEPASLIKHEID VAN HIERDIE RIGLYN**

Hierdie riglyn moet van toepassing wees op besluite wat deur EWK gemaak is en moet plaaslike beplanningsowerhede in die Wes-Kaap lei in die ontwikkeling van beleid en prosedures om monumente en gedenkstene op plaaslike vlak te hanteer.